Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

4 Augustus 2019

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00 OGGENDDIENS

Dr. Braam Krüger

Skrifgedeeltes: *Ex 35:4 - 36:7*
Fokusvers: *Ex. 35:29 & 36:6-7*
Tema: *Om vir God te offer . . .*

17:00 5-UUR DIENS

Dr. Braam Krüger

Skrifgedeelte: *Jes. 11: 1-10*
Fokusvers: *Jes 11:2*
Tema: *Waarvoor mens régtig moet bid!*

18:30 AANDDIENS

Ds. Aalwyn Tredoux

Skrifgedeelte: *Kol. 1:21-23*
Fokusverse: *Kol 1:21-23*
Tema: *Met God versoen deur sy Seun.*

KOINONIA

Ons dra die volgende lidmate op in gebed:

MEELEWING:

- Ons meelewing gaan uit na Marni Smit en haar gesin met die afsterwe van Marni se Pa, verlede Sondag 28 Julie. Mag die Here hulle ryklik vertroos.
- Ons dra ook die familie en vriende van oud-lidmaat, Dawie van den Berg op vir vertroosting na die afsterwe van oom Dawie die afgelope week.

KOINONIA:

- Walda Gouws het in die afgelope week 'n stent in haar hart ontvang.
- Steffie Flies is gediagnoseer met spondiliatheritis, 'n kroniese auto-imuunsiekte en ontvang kroniese medikasie daarvoor.
- Alle ander lidmate wat aan kroniese siektes/ gesondheidstoestande ly, dra ons op vir versterking en bemoediging.
- Gideon Viljoen, Helgard Potgieter se skoonpa is ernstig siek na 'n operasie en is in die ICU.
- Herman Kloppers, oud-lidmaat en -jeugwerker by ons, moet 'n rugoperasie ondergaan. Ons dra hom, Moira en die kinders op vir 'n positiewe uitkoms.

ATTESTATE ONTVANG:

- Christa Stander en haar kinders Clarissa en Jacques Stander van af NGK Kempton Kruin.

Hartlik welkom!

VERTREK MET BEWYS VAN LIDMAATSKAP:

- Quintin en Liza Nel en kinders Annemarie en Quintin Jnr na Hervormde Kerk Elsburg.
- Carla Walsch en 2 dooplidmate Aiden en Luke na Presbetarian Church Rynfield
- Wynand van die Wateren na Amerika

GEMEENSKAP OPGESê MET GK BENONI:

- Helena du Plessis

KERKLIKE TYDSKRIFTE

Intekening op Kerklike Tydskrifte vanaf 1 Julie 201 9 tot 30 Junie 2020

Die Kerkblad – individuele intekening R434.00 – 11 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]

Die Kerkblad – groepsintekening R407.00 – 11 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]

Die Kerkblad – elektroniese intekening R126.00 – 11 uitgawes

Om te bestel kontak: Ina Bolt op 084 339 1136

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS. KOM GENIET GERUS 'N KOPPIE TEE / KOFFIE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE DIENS.

Datums & geleenthede om te onthou!

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 4 - 11 AUGUSTUS 2019			
DAG	**TYD**	**GELEENTHEID**	**KONTAKPERSOON**
Vandag	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens & Katkisasie gr 1-7 5-uur Diens & Katkisasie gr 8-10 Aanddiens	
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adri Goede 083 654 4821
Dinsdag	08:30	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Woensdag	19:00	Bybelse leierskaptoerusting	
Donderdag	18:30	Wyk F1 Bybelstudie vir jong werkendes/studente	
Vrydag	06:00 09:00	Manne gebedsgroep Bybelstudie	Schalk van Eeden 082 561 9409 Braam Krüger 082 459 5636
Sondag 11 Augustus	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens & katkisasie gr 1-7 5-uur diens & katkisasie gr 8-11 Aanddiens	

VERJAARSDAE 4 - 10 Augustus

Baie geluk aan almal met hul verjaarsdae vandag en in die komende week!

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
4/ 08	Heidi Greyling Igna Janse van Rensburg	082 711 0942 074 510 8727
5/ 08	Marni Bakker ☺ Walter Buma Alexander Marx ☺	 082 449 2850
6/ 08	Casper Bateman Lidia de Klerk Jacques Stander ☺	083 365 0181 076 330 2762
7/ 08	Adri Goede ** Braam Krüger	083 654 4821 082 459 5636
8/ 08	Ilke Ackerman ☺	
9/ 08	Andre Bakker Ruth Bakker * Debbie Vermaak	072 390 4588 076 162 1643

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

DISSIPELSKAP 101

Almal is hartlik welkom!

Maandag 5 Aug. begin ons met 'n nuwe toerusingsgeleenthed, wat ons Dissipelskap 101 noem. Hierdie toerusting word **elke Maandag** om 19:00 vir ongeveer 8 weke aangebied, en ons bekyk die heel basiese dinge wat eie is aan Christen-wees. Dit is bedoel vir nuwe Christene, maar ook vir mense wat dalk bietjie hulle basiese kennis oor die Here en sy Woord wil opskerp. Dit is vir persone wat nog belydenis gaan aflê/gedoop moet word, maar ook vir hulle wat reeds belydenis gedoen het. Kontak Braam vir meer inligting, en gee ook jou naam by hom op as jy wil inskakel. Daar is geen koste aan verbonde nie.

0824595636 en braam@gkbenoni.co.za

KERKLIKE ADMINISTRASIE

- Beroepe ontvang Proponent JC Potgieter (JC) na Reformed Church Tswane.
- Beroepe aanvaar Ds AJ Rossouw (Cobus) van Daspoort na Hendrina/Carolina kombinasie

DANKSEGGINGSETE SONDAG 18 AUGUSTUS

Ons gaan heerlik spitbraai hou! Op die spyskaart is daar 3 soorte vleise, 2 slaaie en groente met heerlike nagereg.
Kom geniet hierdie heerlike geleentheid as gemeente saam.
Kaartjies vir die ete beloop **R80.00** en sal te koop wees by Ina Bolt na die erediens / gedurende kantoorure of volg die skakel op die GK Benoni webwerf of op ons facebook-blad.
Besprekings en betalings asb voor **12 Augustus.**
Let wel daar word per kop betaal dus sal ons ongelukkig nie laat besprekings of betalings kan aanvaar nie.
Navrae: Ina Bolt 084 339 1136

14 & 21 Aug. TOERUSTING-GELEENTHEID

HOE HANTEER MENS LYDING?

Dr. Vorster Combrink (Pastorale berader) kom toerusting by ons aanbied oor die sin van lyding en hoe om dit saam met God te hanteer.
Almal wat swaarkry, of familie en/of vriende het wat deur moeilike tye gaan, word genooi om hierdie geleentheid by te woon.
Wanneer: **14 & 21 Augustus 2019**
Tyd: **19:00 - 21:00**
Koste: **R100 p/p** vir albei geleenthede (betaalbaar op 14 Augustus)

RSVP asb. by Ina Bolt op 084 339 1136 voor 10 Augustus 2019.

PALMS 22 Augustus @ 10:00

Palmbyeenkoms vind plaas DV Donderdag 22 Augustus .
Dit skuif na Donderdag agv die nagmaal in Rynpark .
Dit neem die vorm van 'n teelepelete aan. Ons gaan net lekker eet en kuier.
Almal welkom.
Corrie Venter 083 280 9659

SOEK DIE BYBELVERS

Verlede keer se antwoord: 1 Samuel 1:20
" By die wisseling van die jaar was Hanna swanger. Sy het 'n seun in die wêreld gebring en uitgeroep: " "Sy naam is Samuel: van die Here het ek hom afgesmeek !" "
Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:
Chrissie Pretorius; Una Steyn; Martie Gibson; Evert Bolt Klein de Kock; Jan Lubbe
Hierdie week: Soek die Bybelvers 2 Augustus 2019.
" Koning Ester, dogter van ???????? en die Jood Mordegai het met hulle volle gesag in 'n tweede brief die reëlings oor die Purim bevestig".
Vraag: Wat was Ester se (geboorte) pa se naam?
Lees gerus die boek Ester en noem Ester se pa se naam en noem die vers waar dit staan, en SMS die antwoord met jou Naam en Van na 082 873 3173.

Omgewingspitkos

Veral in die Bybel is bome gewilde skepsele en simbole. Uitmuntende beelde waarvan 24 soorte dien om ons geloofslewe langs waterstrome (Ps 1:3) van genade te omskryf. Esegiël (17:23) vergelyk die gelowige Koning wat sal kom met 'n prag seder. Ps 128 – 'n gelowige huisvrou met 'n vrugbare wingerdstok en haar seuns met olyfboompies (vs 3). Bome bied skuiling vir afsondering, bepeinsing en worsteling (binnekamer – Joh 1:49). Geen wonder dat ons voorouers die prag rondeblaar-kiaat *Pterocarpus rotundifolius* tot 'n doppertrots en kerkboom verklaar het om hul besondere godsdienssin te gedenk. Dié aanpasbare, geharde en standvastige dopperkiaat is 'n toonbeeld van grasie. Eienskappe veel beter as dié van die indringerige uitheemse maksering-boom waaronder ons kerkstigting in 1859 plaasgevind het.

Liewe mede-gelowiges.

In September gaan ek saam met There4 ministries na die midde Ooste reis. Daar gaan ons vervolgde Christene en vlugtelinge ontmoet, toerus en be-moedig.
Wees asb deel van ons reis deur een of meer van die volgende te doen:
1. BID vir ons groep van 12 vroue wat gaan, en vir ons geliefdes wat nie saamgaan nie.
Ons werk met vroue daar, bid vir elkeen wat ons daar ontmoet, hetsy medewerkers en vlugtelinge. Bid vir die voorbereiding. Bid vir 'n veilige reis sootoe en terug. Bid vir eensgesindheid in ons groep, daar is n paar wat die eerste keer dit doen. Bid vir wysheid en krag vir 'n vol program oor 10 dae.
2. Skenkings om Bybels aan te koop teen R150 per Bybel deur direk in There4 bedieninge se rekening in te betaal. Bankbesonderhede is:
Begunstigde: There4 Ministries
FNB - Newton Park (261050) | Rekening Nr: 62515023084 | Verwysing: Van / Lig

3.Maak iets om te vat: brei bedsokkies. ons kort nog 150 pare/ maak lap sakkies. Kontak my asb. vir Spesifikasies. (Ons benodig nog 50) / maak 12 spring rekke. Kontak my asb voor jy maak.
Vir meer inligting kontak my gerus.
Dankie
Veronica van der Wateren: 084 247 2321

Met woord en lied

Woensdagaand
18 September
19:00
Gereformeerde Kerk Bult

U word hartlik uitgenooi na 'n besondere geleentheid om die Here met lofgesange te dank vir 150 jaar se genade. As deel van die TSP 150-feeskonferensie word 'n stemmingsprogram aangebied in die vorm van samesang, voorlesings deur Paul en Netta Schutte, sang deur die NWU Pukkoor en optredes deur verskeie instrumentaliste.

Bywoning is nie beperk tot persone wat die hele kongres bywoon nie. Almal is welkom. 'n Sagte-kollekte sal opgeneem word om van die kostes te dek.

Navrae elsabe.labuschagne@nwu.ac.za / 018-299 1846

KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN 28 JULIE:

Diens van Barmhartigheid:	R 8889
Debutate jeugfonds :	R 2722
Borg-'n-Bybel houertjies:	R 100
Jeugdiens:	R 181

KOLLEKTES VANDAG:
Kollekte in die banke: Diens van Barmhartigheid
Deurkollekte: Teologiese skool publikasies

Deurkollektes vir 11 Augustus:

Ons gemeente is bevoorreg om baie bedienings te behartig. Hierdie werk word gedra deur ons lidmate se vrywillige offergawes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle Naam, Van & **Doel**

Diens van Barmhartigheid

Teologiese skool publ.

PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F